
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## JUNIE 2025

# GESKIEDENIS V2

**PUNTE:** 150

**TYD:** 3 uur

*JHISTA2*

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 'n addendum van 10 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

   VRAAG 2: DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

   VRAAG 4: DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

   VRAAG 5: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit TWEE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan OF 'n brongebaseerde vraag OF 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde benadeel word.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord EEN óf TWEE vrae uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: WATTER ROL HET DIE SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE (SARK) IN DIE STRYD TEEN APARTHEID IN DIE 1980's GESPEEL?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Definieer die term *apartheid* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis, verduidelik waarom pastore voortdurend opgeroep is om mense in die townships te bedien. (1 x 2) (2)

1.1.3 Wat, volgens die bron, was die houding van die kerk gedurende die 1980's teenoor apartheid? (1 x 2) (2)

1.1.4 Wat het Beyers Naudé bedoel met die stelling: "tensy nuwe faktore 'n rol gaan speel of onvoorsiene verwikkelinge in die nabye toekoms plaasvind, sal ons onsself moet voorberei vir 'n lang, uitgerekte guerrilla-stryd ..."? (2 x 2) (4)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Lewer kommentaar op die redes waarom Tutu gesê het: "dat hy kon verstaan waarom swart Afrikane onder verdrukking hulle tot geweld in die stryd om vryheid sou wend." (2 x 2) (4)

1.2.2 Waarom, volgens die bron, is Tutu se geweldlose boodskap by begrafnisse gekritiseer? (1 x 2) (2)

1.2.3 Verduidelik waarom jy dink Aartsbiskop Desmond Tutu in staat was om spanning, in Alexandra Township en by Ashley Kriel se begrafnis, te ontlont en konflik tussen polisie en betogers bemiddel het. (1 x 2) (2)

1.2.4 Definieer die term *uittarting* in die konteks van weerstand teen apartheid in die 1980's. (1 x 2) (2)

1.2.5 Identifiseer TWEE aksies wat deur die regering geneem is om Tutu vir sy uittarting van die regering te straf. (2 x 1) (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 Gebruik Bron 1C.

1.3.1 Waarom, dink jy is hierdie foto geneem? (2 x 2) (4)

1.3.2 Noem enige TWEE lede van die Komitee vir die Verdediging van Demokrasie. (2 x 1) (2)

1.3.3 Lewer kommentaar op die betroubaarheid van hierdie bron rakende die betrokkenheid van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke in die verset teen apartheid. (2 x 2) (4)

1.4 Vergelyk Bron 1B en Bron 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1C aangaande die betrokkenheid van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke by die weerstand teen apartheid ondersteun. (2 x 2) (4)

1.5 Lees Bron 1D.

1.5.1 Wat, volgens die bron, was die hoofdryfveer vir die aktiwiteite van die SARK? (2 x 1) (2)

1.5.2 Haal bewyse uit die bron aan wat aandui dat die SARK slagoffers van apartheid bygestaan het. (2 x 1) (2)

1.5.3 Lewer kommentaar oor die rol wat die SARK in die post-apartheidsera gespeel het. (1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om die rol te verduidelik wat die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke in die stryd teen apartheid in die 1980's gespeel het. (8)
**[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 2: WAS DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL OM SUID-AFRIKA MET SY VERDEELDE VERLEDE TE VERSOEN?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D om die volgende vrae te beantwoord.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

2.1.1 Waarom, volgens die bron, is die WVK gestig? (1 x 2) (2)

2.1.2 Definieer die term *versoening/rekonsiliasie* in die konteks van die doelstellings van die WVK. (1 x 2) (2)

2.1.3 Verduidelik waarom dink jy was die meeste gevalle onvoldoende (swak) aangespreek. (1 x 2) (2)

2.1.4 Lewer kommentaar oor die redes waarom die Vlakplaas-operateurs om amnestie aansoek gedoen het. (2 x 2) (4)

2.1.5 Noem DRIE moorde waarby die Vlakplaas-operateurs betrokke was. (3 x 1) (3)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Wie, volgens die bron, het die Nasionale Party (NP) vir die wydverspreide menseregteskendings geblameer? (1 x 1) (1)

2.2.2 Waarom dink jy was FW De Klerk skepties oor Aartsbiskop Tutu wat die voorsitter van die WVK is? (1 x 2) (2)

2.2.3 Lewer kommentaar oor waarom FW De Klerk die volgende stelling gemaak het: “Ondanks my groeiende bedenkinge (twyfel), het ek besluit om die kommissie my volle samewerking te gee.” (2 x 2) (4)

2.2.4 Hoe, volgens die bron, het die IVP hulself uitgebeeld? (2 x 1) (2)

2.2.5 Lewer kommentaar oor die bruikbaarheid van die inligting in hierdie bron vir ’n historikus wat navors hoe politieke partye op die WVK gereageer het. (2 x 2) (4)

2.3 Gebruik Bron 2C.

2.3.1 Watter boodskappe word in hierdie spotprent oor die WVK-verslag oorgedra? (2 x 2) (4)

2.3.2 Identifiseer die persoon wat die vurkhyser met die WVK-verslag bestuur het. (1 x 2) (2)

2.4 Vergelyk Bron 2B en Bron 2C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B verskil van die bewyse in Bron 2C met betrekking tot die kritiek teen die WVK. (2 x 2) (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.5 Lees Bron 2D.

2.5.1 Identifiseer TWEE menseregteskendings in die bron waarvoor die ANC verantwoordelik was. (2 x 1) (2)

2.5.2 Definieer die term *menseregte* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.5.3 Lewer kommentaar oor waarom beide die ANC en die IVP besluit het om die finale ontwerp van die WVK se verslag te betwis. (1 x 2) (2)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik of die Waarheid-en-Versoeningskommissie (WVK) suksesvol was om Suid-Afrika met sy verdeelde verlede te versoen. (8)

**[50]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling, maar nie meer as TWEE vrae nie.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

Steve Biko en die filosofie van Swart Bewussyn het swart Suid-Afrikaners gemobiliseer om in die 1960's en 1970's die apartheidsregering uit te daag.

Stem jy saam met hierdie stelling? Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

### VRAAG 4: DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

Toegewydheid en kompromie het sleutelrolle gespeel om die onderhandelings-proses aan die gang te hou wat uiteindelik in 1994 tot 'n nuwe demokratiese Republiek van Suid-Afrika gelei het.

Bespreek hierdie stelling krities. Gebruik relevante bewyse om jou lyn van argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Verduidelik tot watter mate beleidsveranderinge deur Mikhail Gorbachev vanaf 1985 tot die disintegrasie van die Sowjetunie in 1991 gelei het, maar ook positiewe gevolge op Suid-Afrikaanse politiek gehad het.

Gebruik relevante bewyse om jou lyn van argument te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS
Proudly South African